
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 112, STANGER, 4450/ POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 2419

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

Lofprysing 'n Geestelike Wapen

In 2 Kron. 20 lees ons die storie van Josafat, die koning van Juda. Ons kan `n waarde-volle les uit hierdie verhaal in die Bybel leer. Groot magte uit die Ooste was besig om Jerusalem te nader en dit het voor-gekom asof die Israeliete verslaan sou word. Die vyand het reeds die grense van Jerusalem oorgesteek.

Koning Josafat het die volk byeen geroep en aan hulle gesê om teen die vyand te veg en bygevoeg dat " *die stryd nie hulle saak is nie maar die saak van God.*" Die volgende oggend het al die mense by die vasgestelde plek bymekaar gekom, reg vir die geveg. Koning Josafat het die Here se aangesig gesoek en aan die mense gesê dat God aan hom sekere bevele gegee het. In gehoorsaamheid aan God se bev-ele het hy mense as sangers aangestel, wat die leër in die geveg moes lei! Dink net aan die reaksie, nadat almal opgestel is en die koning die sangers op die voorpunt stel! Die soldate het seker na mekaar gekyk en gedink: " Wat op aarde is met die koning verkeerd?

" Koning Josafat het toe aan hulle gesê: " Die Here het my beveel om die sangers in die voorste linie te plaas." Die koning het toe aan die sangers gesê om voor die soldate te loop en lofliedere tot die Here te sing! Hulle het gesing**: Loof die Here, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid! Loof die Here, want Hy is goed, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Hy wat alleen groot wonders doen; Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Wat die hemele gemaak het. Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Wat die aarde op die waters uitgespan het. Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Wat die groot ligte gemaak het.**
Die son om te heers oor die dag. Die maan en die sterre om te heers oor die nag. Want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid!

Die mense het lofliedere tot hul Almagtige God gesing, omdat Sy goedertierenheid tot in ewigheid is. Hulle het van hul God gepraat as die God bo alle gode – Hy wat

die son gemaak het, die aarde, die sterre en die maan.

Hulle het voort gegaan om te vertel hoe hulle uit Egipte bevry is.
**Ps 136:1016 : Wat die Egiptenaars getref het in hulle eersgeborenes, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
En Israel onder hulle uitgelei het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Met `n sterk hand en `n uitgestrekte arm, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Wat die Skelfsee in stukke gesny het,want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
En Israel daar dwarsdeur laat gaan het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. En Farao saam met sy leër in die Skelfsee gestort het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Wat Sy volk deur die woestyn gelei het, want Sy goedertierenheid is tot inewigheid.**

Die sangers het uit hulle harte, lofliedere tot God gesing. Hulle moes baie naby aan die kamp van die vyand gewees het. Terwyl hulle steeds God geprys het en feitlik by die vyande se kamp was, het die leier gesing: **Loof die Here wat groot konings verslaan het!** Die sangers het gejubel en dit opgevolg met: **Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Ps. 136:1826 : .... En geweldige konings gedood het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Sihon, die koning van die Amoriete, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. En Og, die koning van Basan, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. En hulle land as erfdeel gegee het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. As erfdeel aan Israel, Sy kneg, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Wat in ons vernedering aan ons gedink het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. En ons van ons teëstanders losgeruk het, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.
Wat voedsel gee aan alle vlees, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Loof die God van die hemel, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.**

Toe het `n verstommende ding plaasgevind!! Chaos en verwarring het in die vyande se kamp ontstaan, wat veroorsaak het dat hulle onder mekaar geveg en geargumenteer het. Die soldate het die vyandige kamp genader, steeds besig om lofliedere tot God te sing! Hulle het al singende tot in die kamp gemarsjeer en God het dit soos `n groot leërmag laat klink! Die vyande het teen mekaar gedraai en mekaar dood gemaak!Toe die Israeliete in die kamp gekom het, het hulle eers gesien wat die Here gedoen het. Nie een vyandige soldaat het oorleef nie! Hulle almal was dood! Dit was nie vir hulle nodig om `n spies te gooi of `n pyl te skiet nie! Dit het die Israeliete drie dae geneem om die buit bymekaar te maak. Wat het die oorwinning veroorsaak? **Hul geloof was stewig geanker in God en hulle het Hom met hul hele hart geloof!**

Wanneer jy God te alle tye en onder alle omstandighede loof, bind jy Satan en sy demone met kettings en boeie van yster. Ons lees in Ps. 149 verse 6 9: Lofverheffinge van God is in hulle keel, en `n tweesnydende swaard in hulle hand; om wraak te oefen onder die heidene, straf-gerigte onder die volke; om hulle konings met kettings te bind en hulle edeles met ysterboeie; om `n vonnis wat opgeskrywe is, aan hulle te voltrek. `n Eer is dit vir al Sy gunsgenote!
(Lees ook Ps. 140: 5 – 8).

Wanneer jy koortjies hardop begin sing, sal jy ontdek hoe gou twyfel en depressive verdwyn, want God sal jou lofprysing met Sy teenwoordigheid vereer. Ek wil graag nog `n paar gedagtes met jou deel aangaande die storie van Koning Josafat en sy weermag en hoe hulle die vyand oorwin het deur God te loof, want hierdie verhaal leer ons baie dinge wat ons, in ons Christelike wandel behoort te weet. As `n gelowige, wanneer ek `n moeilike situasie in die gesig staar en dit wil voorkom asof alles verkeerd gaan, besef ek dat in `n ge

veg, die beste manier van verdediging is om aan te val. Dit help glad nie om te verbrokkel of uitmekaar te val nie, maak nie saak hoe haglik die omstandighede mag voorkom nie. God het geestelike wapens voorsien waarmee geveg kan word, en Hy het Sy Woord en beloftes gegee waarop ons moet staan. Hy het belowe om my, in die aangesig van my vyande, te verlos, as ek die keuse maak om Hom te loof en te aanbid, met `n dankbare hart te midde van ontsteltenis. Koning Josafat het geweet hoe om in die teenwoordigheid van God te kom deur lofprysing en aanbidding. Hy was gehoorsaam en het presies gedoen wat die Here aan Hom gesê het, selfs al het dit verspot gelyk om die sangers vooruit te stuur in die geveg! Ons moet altyd onthou dat God in beheer van die situasie is, en dat die geveg syne is indien ons gehoorsaam bly aan Sy bevele. Hy sê in **Jes. 43: 19 en 21 dat: Hy iets nuuts gaan maak. Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig**.

Hy het aan ons gesê om Hom te alle tye te loof, of ons daarna voel of nie. Sy Seun, Jesus, ons Here en Verlosser, het reeds die oorwinning oor die magte van die duisternis, vir eens en vir altyd, aan die kruis behaal en ons moet dit met dankbare harte onthou. Die vyand was paniekbevange toe hulle die mense, van die wonderlike dinge wat hulle
God vir hulle in die verlede gedoen het, hoor sing het **(lees Deut. 2:1925).** Koning Josafat se lofprysinge het veroorsaak dat die vyand se broeke gebewe het! God het aan koning Josafat en die mense van Jerusalem gesê: **Luister, almal wat uit Juda is en inwoners van Jerusalem en u, koning Josafat! So sê die Here aan julle: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God. Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die Here by julle, Juda en Jerusalem! Vrees nie en wees nie verskrik nie; trek môre teen hulle uit, en die Here sal met julle wees (2 Kron.20:15 en 17).**

Ons weet dat ons nie teen vlees en bloed veg nie, volgens Ef. 6 vers 12, maar teen die owerhede en magte van die duisternis. Ons weet ook dat hierdie owerhede en magte, se leier, Satan, verslaan is toe Jesus gekruisig is. **Kol. 2:15: Nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het** (die kruis). Daarom kan ons Hom vir ons oorwinning loof, maak nie saak in watter geveg ons nou betrokke is nie. Die Here het reeds die geveg vir jou gewen. Die vyand is verslaan en al wat jy moet doen, is om sterk in die geloof te staan, God se Woord te glo en jy sal die Here se verlossing en oorwinning sien plaasvind in jou lewe. Daar is geen plek vir twyfel, wanneer God aan die werk is. As God vir jou is, wie kan teen jou wees? Dit is egter belangrik om te besef, dat jy nie van die geveg af kan weg hardloop nie, probleme kan nie oorwin word deur vir hulle weg te kruip of van hulle weg te hardloop nie. Jy kan die vyand reguit in die oë kyk, omdat God met jou is. Glo dat Hy jou sal deurdra en handel daarvolgens!

LOFPRYSING IS GELOOF IN AKSIE.

Koning Josafat en sy soldate het hul geloof in aksie gebring, toe hulle begin het om die Here te loof. Volgens die natuurlike, sou die soldate die weermag in die geveg gelei het, maar hierdie was `n bonatuurlike geveg, gelei deur sangers wat God geloof het! **Hy het tot eer van die Here sangers opgestel wat, in heilige sieraad, moes lofsing en by die uittrek op die voorpunt van die gewapendes gaan (2 Kron. 20:21).**

Die woord wat in die Hebreeuse taal vir sangers gebruik word, beteken in werklikheid om " *jou hand in mag op te hef.*" Hulle het verseker hul hande in `n demonstrasie van hul algehele afhanklikheid van die Here, opgehef. Dit was die manier hoe hulle die Here in lofsange bedien het.

Dit moes `n buitengewone gesig gewees het om te sien *dat `n weermag deur sangers gelei word, wat met opgehefte arms lof aan die Here bring!*

Let op vers 22: **En op die oomblik toe hulle die gejubel en die lofsang aanhef, het die Here `n hinderlaag opgestel.....** Jy sien, hierdie lofprysinge het gesê: "Here ons kyk nie na die hopelose situasie waarin ons is nie, ons kyk nie na die viand nie, ons vertrou geheel en al op U." Dit is geloof en soos ons alreeds gesê het – *Lofprysing is geloof in aksie*..

In **Kron. 20 vers 30** gaan dit verder en daar staan: **Verder het die koninkryk van Josafat gerus, en sy God het hom rondom rus verskaf**. Die weermag van Josafat was seëvierend! JY kan ook seëvierend wees! Ek het die verhaal van koning Josafat in detail vertel sodat jy kan besef hoeveel krag daar in lofprysing is!

God het vroeg in my bediening, aan my `n voorbeeld van hierdie Bybelse beginsel gegee. `n Jong onderwyseres het Stanger toe gekom en haar hart aan die Here Jesus gegee, nadat Hy haar nek, wat ernstig in `n duik ongeluk beseer was, volkome genees het. Sy was hoogs intellektueel, en was betrokke by die studie en `n volgeling van 19 verskillende godsdienste, asook `n praktiserende spiritualis in daardie tyd. Sy het vertel hoedat sy as `n ongelowige, altyd gedink het dat Christene swak en pateties was. Dit het egter alles verander, toe sy gered is. Baie gou het sy egter besef dat die duiwel, wat voorheen haar bondgenoot was, nou haar verwoede vyand geword het. Hy was nie gewillig om haar sonder `n geveg op te gee nie, want sy was een van sy kragtige werktuie. Satan het dadelik sy aanval op haar geloods en sy het gevind dat sy met hom en sy demoniese magte geworstel het, veral in die nag.Ons het haar deur `n proses van bevryding geneem, waartydens sy van baie bose geeste van die vals godhede, wat`n onafskeidbare deel van haar lewe was, verlos is. Haar "geestelike gids" en Egiptiese "gode" was onder die sterkmanne wat haar gebind het en wat `n geveg opgesit het. Ons het vir haar en saam met haar gevas en gebid en een vir een moes hierdie demone, in die Naam van Jesus, gaan. Sy het ons vertel, dat gedurende tydperke, sy egter hul bose teenwoordigheid rondom haar gevoel het, veral wanneer sy probeer het om te slaap. Die Here het toe aan ons gewys dat ons `n kassetspeler met lofprysinge, gedurig in haar kamer moes speel. Sy het ons vertel dat sy in volmaakte vrede kon slaap terwyl die lofprysinge van God gespeel het, omdat die vyand gewyk het, maar net sodra die bandjie klaar gespeel het, het sy hul poging om haar weer te nader aangevoel. Sy het gevind dat die oplossing was om die lofprysingsmusiek aanhoudend te speel, terwyl sy deur hierdie tyd van bevryding gegaan het. Ek is bly om jou te vertel dat sy nie net volkome, van elke demoniese mag, wat sy haar lewe voor oopgemaak het, bevry is nie, maar sy het voortgegaan om magtig deur die Here gebruik te word. Sy is veral deur God gebruik om lering te gee oor die gevare van die okkult, en die strikke van die vyand, maar sy verkondig ook die genade, liefde en vergifnis van ons Hemelse Vader, omdat sy beide van hierdie waarhede in haar eie lewe ervaar het. Dit was verseker die krag in die lofprysing van ons God, wat veroorsaak het dat sy oorwin het!

Hier volg nog `n goddelike voorbeeld van die krag van lofprysing, wat plaasgevind het gedurende `n byeenkoms in Pretoria. Die byeenkoms het begin met die musikante wat ons in `n wonderlike tyd van lofprysing en aanbidding ingelei het. Daarna het ek die Woord gebring soos die Here dit op my hart gelê het, dit was oor verlossing en genesing deur die versoening aan die kruis op Golgota. Jesus het die prys betaal sodat ons verlossing en genesing kan ontvang.

Hierdie boodskap is altyd kragtig, omdat dit op Jesus en Sy offerdood fokus en dus geloof in die hoorders opbou. Toe ek seker was dat die geloof van die mense opgebou is en dat hulle reg was om hul genesing uit God se hand te ontvang, het ek `n paar siekes na die verhoog geroep, sodat ek vir hulle kon bid. Deur dit te doen, sou die ander die wonderwerke sien en geloof verkry vir hul eie genesing. Terwyl ek gebid het en God die wonderwerke, voor ons oë, laat plaasvind het, het ek `n man opgemerk wat angstig probeer het om my aandag te trek. Ek het opgekyk en `n beroering gesien. `n Ouerige man, wat in die derde ry, langs die paadjie gesit het, het ineengestort en drie of vier mense het hom in die paadjie neergelê. Ek het dadelik van die verhoog afgespring en na hom gehardloop. Toe ek hom daar sien lê, het al my mediese kennis na vore gekom en ek het besef dat hy opgehou het om asem te haal, as gevolg van `n hartaanval. Met my ondersoek het ek gevind dat daar geen polsslag was nie, geen lewe en dit was toe dat die stryd met die engel van die dood begin het. My vrou Meg, wat altyd saam met my op die verhoog gebid het (omdat die Woord sê dat waar twee van ons op die aarde saamstem, dit in die hemel gedoen sal word), het besef dat ons in `n werklike oorlogvoering betrokke was. Sonder aarseling het sy die musikante gevra om oorlogvoering met hul instrumente te maak deur lofprysinge te speel en te sing, sodat die Naam van ons God verhoog kon word. Hulle het begin om `n baie stadige aanbiddingslied te speel, moontlik in eerbied vir die somber situasie, maar Meg het onderskeiding gehad dat `n sterk gevegsaanval nodig was, en sy het gevra dat hulle die koor "
Daar is Krag, Krag, wonderbare Krag, in die Kosbare Bloed van die Lam" moes speel. Gou het die hele gemeente saam gesing, en ek het agtergekom dat die gees van die dood besig was om die oorlog te verloor!

Terwyl ek die gees van die dood bestraf het en die lewe beveel het om terug te kom in die Naam bo alle name, die Naam van ons Here Jesus Christus en die lofprysing van God se kinders voortgegaan het om die krag in die Bloed van die Kosbare Lam van God uit te roep, het die man weer begin asemhaal en sy hart het weer begin klop. Na `n paar minute waarin hy sy krag herwin het, het hy nadruklik beweer dat hy reg was, het hy sonder hulp opgestaan en na sy sitplek terug gekeer. Die hele gemeente het hande geklap en die Here geloof vir die verstommende wonderwerk, wat voor hulle oë plaasgevind het. Toe ek die uitnodiging gemaak het, het baie mense gereageer deur hul harte aan die Here te gee, en hierdie ouerige man was een van hulle. Toe ek na die byeenkoms met sy opgewonde gesin gepraat het, het ek ontdek dat hy onbekeerd was en dat sy gesin, wat omgegee het, desperaat was dat hy wedergebore moes word, omdat hy `n geskiedenis van hartprobleme gehad het en hulle bekommerd was oor sy ewigelewe. As gevolg hiervan het hulle hom na die byeenkoms gebring en die Here vertrou vir sy bekering en genesing. God het hul gebede geëer en aan hulle die begeertes van hul harte gegee. Wat `n wonderlike God dien ons nie, Hy het nie net sy siel gered nie, maar ook lewe in hom geblaas.

Hierdie man is uit die dood opgewek deur Sy magtige Geestelike wapens, wat beskikbaar is vir diegene wat glo, ook nie die minste was die krag in die Naam van Jesus en die lofprysinge van Sy kinders! God woon onder die lofsange van Sy kinders (Ps.22:4).

Skatkis

'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het (Joh. 13:34-35).

Ons ken hierdie verse so goed dat die betekenis hiervan ons miskien ontgaan het. Hoe het Jesus Sy dissipels lief gehad?

- Hy het altyd die waarheid gespreek omdat Hy besorg was oor hulle ewige welstand. Hy het nie kompromie hieroor aagegaan nie, selfs al het dit beteken dat hulle weggedraai het.
- Hy het omgegee vir elke behoefte van hulle en het medelye met hulle gehad op elke gebied deur ontferming en genade te betoon.
- Hy het Sy lewe vir hulle neergelê terwyl Hy hier gelewe het deur hulle belange voor Sy eie te plaas en hulle met nederigheid gedien.
- Laastens het Hy na die kruis gegaan, deur die dood bo Homself te kies, geestelik en fisies, om aan die wat in Hom glo die ewige lewe te gee.

Ons word nie gevra om letterlik na 'n werklike kruis te gaan nie, maar om Christus toe te laat om in ons te heers en te regeer, te sterf aan die vlees, dit gee plek vir Sy lewe en liefde in ons harte.

Dit is hoe ons mekaar lief het, hoe ons genade kan aanbied aan die onvriendelike, vergifnis aan die afstootlike. Deur dit te doen verheerlik ons die Here en Verlosser. Jesus.



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes,


Ons lees in **Psalm 34:2: " Ek wil die Here altyd loof; sy lof sal altyddeur in my mond wees."**

Om te loof is nie net woorde nie, dit is 'n houding. Ons lewe behoort 'n lofprysing tot God te wees. Ons behoort dankbaar te wees, te glimlag, goed te wees vir mense en passievol oor ons drome te wees. Wanneer jy die geheim geleer het om die Here te alle tye te loof, kan jy in 'n put wees, maar niemand rondom jou sal dit weet nie. Jy is nie onaangenaam nie. Jy behou nie kwaadwillige gedagtes en houdings teenoor iemand nie.

Enigeen kan God prys wanneer dinge volgens jou plan gaan. Die toets is egter, sal jy Hom nog in die wildernis prys? Sal jy Hom nog aanbid ten spyte van wat nie werk nie, Hom aanbid ten spyte van wie jou te na gekom het? Die manier hoe jy God te alle tye seën is deur jou lofprysing, deur altyd iets te vind om dankbaar oor te wees, deur nie te bly by dinge waar jy te na gekom is nie, maar God te loof vir wat reg is. Dit is om nie te fokus op wat jy verloor het nie, maar God te dank vir wat jy oor het. Nie te kla wat agter jou is nie, maar dankbaar te wees vir wat voorlê.
Hy is waardig om geprys te word.

Weereens wil ons julle almal graag bedank vir julle volhardende liefde, gebede en ondersteuning vir ons bediening. Dit beteken so baie vir ons en ons hou aan om elkeen van julle op te hef na ons Hemelse Vader wie elkeen van julle by die naam ken.
Liefde groete

Meg en die Gebedspan



A SACRIFICE OF PRAISE

When one thinks about the benefits and blessings of God that come as a result of our obedience to His instructions in His Word, our gratitude and love should motivate us to a life of service to Him. When we talk about "serving", we usually interpret it to mean waiting upon someone or assisting them e.g. a waiter serves one in a restaurant. When we talk about "serving" God, it includes, "ministering" to Him.

We are admonished to "minister" to one another in the Body of Christ- each one of us has a ministry, and as we ask Him, the Lord will reveal to each one of us what our special ministry is. For example, one person may have a ministry of exhortation – encouraging and uplifting the other. Another may have a music ministry - helping others to live a life filled with praise. Still another may have a ministry of caring for children, the elderly, the poor, orphans, widows, etc. Someone who is a counsellor has a very special ministry – showing God's mercy and giving of themselves to those who are in difficult circumstances and feel they cannot cope.

God has equipped each of His children to serve others, not only those in the body of Christ, but also mankind as a whole. This is especially important, as the unsaved are more likely to be drawn into the Kingdom if they see Christians practising what they preach!

God created us to minister to Him, and we do this by praising and worshipping Him as our King and our God who created us for this purpose, and who loves us so much that He sent His Son to die on the cross to save us and to heal us. (John 3:16) God has made us to be kings and priests for Him. (1 Pet. 2:9**): But ye are a chosen generation, a royal priesthood, a holy nation, a peculiar people; that ye should show forth the praises of Him who hath called you out of darkness into His marvellous light.**

As "priests" of God, we no longer bring Him the sacrificial offering of animals in the Old Testament, but we now bring a spiritual offering. Hebrews 13:15 says: **By Him therefore let us offer the sacrifice of praise to God continually, that is, the fruit of your lips giving thanks to His Name. In Ps. 51:15 we are told that praise is the sacrifice we must bring to God.**
There is a difference between praise and worship. When I speak about worship, I am not speaking about prayer but about worshipping God for Who He is.
PRAISE is thanking God for what He **does** for us, and worship is ministering to Him for **Who He is.**

SEVEN HEBREW WORDS FOR PRAISE

HALLAL – To praise the Lord by celebrating by dancing by shining forth, by acting clamorously foolish. A very robust liberating kind of praise. **Psalms 150 Hallal ye the Lord, Hallal God in His sanctuary: Hallal Him in the firmament of His power.**

SHABACH – To praise the Lord with a shout and a loud voice. Psalm 63:3 Because thy loving kindness is better than life, my lips shall Shabach thee. YADAH – To praise the Lord with the hands and hand movements. **Psalm 138:2 I will worship toward thy holy temple, and Yadah thy name**.

TODAH – The sacrifices of praise which amplifies a sustained singing. Also refers to praising the Lord as a processing choir or parade. **Psalms 50:23 Whosoever offereth Todah glorifieth Me**.

ZAMAR – To praise the Lord with the playing of an instrument. **Psalm 108:1 O God, my heart is fixed; I will sing and give Zamar**.

TEHILLAH – A praise from your spirit. The residual song of the Lord from the heart of the believer. **Psalms 22:3 But thou are holy, O thou that inhabitest the Tehillah of Israel**.

.

BARAK – To praise the Lord by kneeling or bowing. **Psalms 95:6 O come, let us worship and bow down: let us Barak before the Lord our Maker.**

When you praise the Lord, you bless Him and commend Him, speaking well of Him. Sometimes you may bring Him thanksgiving or a psalm to praise His greatness. The psalmist in Psalm 150:6 even COMMANDS "**all that have breath"** to praise God!
As His children, we all have this ministry, namely to praise and worship Him. As we minister to Him in this way we will – **Enter His gates with thanksgiving and into His courts with praise: For the Lord is good; His mercy is everlasting; and His truth endureth to all generations**. (Ps 100:4 and 5)

Remember that the basic difference between praise and worship is that praise is about what the Lord has done for you and worship is about Who He is. To praise is to speak well of someone, to express appreciation of someone, to compliment, to build someone up. To worship is to hold someone in high esteem; to bow down before the object of worship. Worship is the highest form of praise. It is an attitude of the heart. We usually start with praise to the Lord and then move into worship. When considering the act of worship we look at three aspects.

Firstly, worship always comes from the heart. It is the respectful involvement of the human heart with its Creator. It is meditation and consideration and standing in awe before the holiness, greatness and worthiness of God.

Secondly, worship is spontaneous and sincere, and comes straight from a heart overflowing with love. There is no stirring up of the emotions. Our cup "runs over" with praise, as David says in Psalm 23.

Thirdly, worship is the outpouring of deep expressions of respect, reverence, awe, and love. While it is possible to love and to praise someone, we cannot WORSHIP a person.

Our worship is only meant for the Lord who created us to worship Him, and who is the only One who is worthy of our worship! **Thou art worthy, O Lord, to receive glory and honour and praise: for Thou hast created all things, and for Thy pleasure they are created. Rev. 4:11.**

This tells us that God is worthy to receive glory, honour and praise, and means that we are able to minister to, and bless God through, our praise and worship.

There are times during praise and worship when we may feel that we just want to wait upon the Lord, experience His presence and become aware of His glory. This is completely Scriptural, and we ought to wait upon the Lord often. Isaiah 40:31 says**: But those who wait upon the Lord will renew their strength. They will soar on wings like eagles; they will run and not grow weary, they will walk and not be faint.**

It is when we wait upon God that our weakness is exchanged for God's strength. We receive His strength. The psalmist knew about "waiting upon the Lord" and Psalm 62:5 says: **My soul, wait thou only upon God, for my expectation is from Him.**

Ps 130:5-6 says: I wait for the Lord, my soul doth wait, and in His Word do I hope. My soul waits for the Lord more than they that watch for the morning.

This might seem strange and new to some, because of a lack of knowledge about the subject, but I want to assure you that it is all Scriptural. I believe that more children of God are coming to an understanding of this truth, and I praise Him for this. The word tells us that Jesus is coming to fetch His bride, the true Church, who will spend eternity praising and worshipping Him and the Father. It also tells us that the praises in Heaven will sound like thunder!

Although it is impossible to be perfect, we are told to strive to be "without spot or blemish" when He comes to fetch us. (Eph. 5:27)

It is up to us to respond to the Word of God which instructs us to worship Him in Spirit and in truth, and to follow in Jesus' footsteps as He is the only example of perfection. His Holy Spirit who indwells us, will guide and convict us, so that we might please the Father in all we do and say. As gratitude for His grace and for what He has done for us wells up inside us, and as we spend more time in fellowship with Him, we will learn more and more to minister to Him and to bless Him with our thanksgiving in praise and worship! It is when we praise Him and thank Him for His love, goodness and mercy, that we open the door and enter into worship. When we worship Him for who He is, we come into the very presence of God – His very throne room, and have fellowship with Him.

The Father-heart of God is then stirred, and, as we wait upon Him, He ministers to us, blessing us and revealing Himself to us in a mighty way! It is very simple, like a child spending time with a loving father, who in turn enjoys this special time with his child, wanting to meet his needs.

Praise, worship and fellowship with God although intimate and personal, can also take place in fellowship with other believers. At such a time we often experience the working of the Holy Spirit through the members of the Body as we are edified by a message in tongues, a prophecy, a word of knowledge or a word of wisdom. **Heb. 10:19 says: Having therefore brethren, boldness to enter into the holiest by the blood of Jesus by a new and living way.**
Do you realise what this verse actually says? We can enter into the Holy of Holies, into the very presence of God because we have been washed clean by the Blood of Jesus! It is no longer only the high priest of the Old Testament who may enter the Holy of Holies once a year! Jesus has made a way for you and for me to enter into the very throne room of God at anytime, and as often as we so desire!

There is no better way to come into the presence of your Heavenly Father than through praise and worship. Did you know that Neh. 8:10 tells us that "**the joy of the Lord is our strength"** Jesus wanted His disciples to know His joy, and we, as His disciples (believers) today, are included. Without the joy of the Lord, we become weak and feeble Christians, with no victory in our lives. This joy is stirred up in us by praise and worship, and it does not depend on our circumstances, as Jesus is the source of our joy. It comes from our faith and trust in our Heavenly Father, with whom nothing is impossible (Luke 1:37), and who has done so much for us, promising never ever to leave us. In John chapter 17:13, as Jesus was praying, He **says ….. and now I come to Thee; and these things I speak in the world, that they might have My joy fulfilled in themselves**. This joy is our inheritance, because of Jesus. This joy is not dependent on our physical circumstances but is dependent on Jesus Christ our Lord and Saviour, who never changes.

Everything we have received from the Lord has been through our faith in Him - our salvation, deliverance from bondage, healing, baptism in the Holy Spirit and every other blessing. In the world we are told – "seeing is believing", but the Bible says – "believe first and then you'll see"! We believe, because the Word of God declares it, and because our Heavenly Father is trust-worthy. We believe His promises before they have come to pass, because He cannot lie. It is impossible to please Him without faith (trust). (Heb. 11:6). In Heb. 10:23 we read: **"Let us hold fast the confession of our hope without wavering, for He who promised is FAITHFUL."**

We confess with our mouths what we believe in our hearts (Rom. 10:10). It is important to believe in our heart what the Word of God says, and to declare it with our mouth, speaking God's Word with assurance.

There is no better way to overcome doubt than by filling your mind and your heart with the Word of God, because out of the abundance of the heart, the mouth will speak. It is impossible to think one thing and say another. If there is doubt in your heart and mind it will be revealed in the words you speak, so begin to confess the Word of God out aloud. Faith comes by hearing the Word of God, and it will replace all doubt. It will not take long for your negative thoughts to change.

Joy works on the same principle. If you are feeling depressed and have reached a low point, start praising God aloud and singing His praises, this is especially effective in chasing away every spirit of heaviness, every bit of depression and all doubt! We spoke earlier about Ps. 33:13: **For praise from the upright is beautiful. Sing to Him with an instrument of ten strings. Sing to Him a new song; Play skilfully with a shout of joy.** Paul and Silas praised God while they were in prison, and the Lord performed a wonderful miracle for them. He opened the prison gates and made a way where there seemed no way.

The decision is yours alone, you CHOOSE to sing praises - it has nothing to do with your feelings or your circumstances! Remember that joy is not dependent on your circumstances, but comes from within, and is an inner quality, a fruit of the Holy Spirit (Gal 5:22) and a product of Christ in you, the Hope of Glory! You can have an inner assurance, peace and joy regardless of any situation. "Joy" differs from "happiness". Happiness is dependent on freedom from anxiety, problems, harmful circumstances and unpleasant people and situations. JOY, on the other hand, is the knowledge that **"He who is in us is greater than he** (devil) **who is in the world.**" (1 John 4:4) Joy comes from trusting our Heavenly Father and believing His Word. Joy does not look at the outward problems but at God's solutions.

However joy is dependent on our obedience to Biblical principles, e.g. when we choose to praise God, He gives us His joy and peace in exchange for our sorrow and anxiety. Remember, we read in Ps 33:1: **For praise from the upright is beautifu**l – Let the joy of the Lord become our portion!

